# menlo-insig

Insig 18/2026– 26 Junie 2026

**Liewe Menlo**

Die afstand tussen die vorige Insig en hierdie uitgawe is bykans vier weke lank. 'n Gaping wat met nagenoeg 150 eksamenvraestelle gevul is.

Ons herleef vandeesweek die prestasies, wedervarings en gebeurtenisse van die afgelope tyd met 'n Insig-album; ons kiekies 'n padkaart tussen toe en nou.

Daar is sport in ons album – swemmers, atlete, gholf-, rugby-, hokkie-, netbalspelers en selfs hengelaars.

Agter die breë glimlagte lê daar spore van probeer; elke foto vorm deel van 'n groter verhaal, maar vandeesweek val die fokus op die oomblik van sukses wat in 'n knakskoot vasgevang is.

Daar is kultuur in ons kiekies. Alhoewel die weergalming van eisteddfod-bravo's al verdof het, bly die Parkies se prestasies staan.

Daar is akademie in ons kiekies. Parkies slaan die wintereksamen vir 'n ses en druk hulle stempel op 'n internasionale olimpiade af.

Die gaping tussen toe en nou kry in die volgende paar bladsye lewe. Beriggewing is kort, want 'n album vertel stories sonder woorde – prentjiekommentaar wat ons ervarings beaam.

Die wintervakansie is op hande en voordat ons almal in verskillende rigtings spat, besef ons weer: Menlo is ons vertrekpunt én ons bestemming. Verkneukel jou in die warmte en genot van die Parkies se sukses en ervarings.

Geniet die reis.



Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JEREMIA 17:7-8**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Skool sluit:  26 Junie 2026

- Skool sluit: 26 Junie 2026 om 10:00.
- Rapporte is vanaf 26 Junie 2026 op Ed-admin beskikbaar.

### Menlo-kalender

Menlo-ouers kan voortaan op hoogte van gebeure op Menlo-bodem bly deur die kalender op Ed-admin en die skool se webblad te besigtig.

**Skandeer die QR-kode vir die verskillende kalenders se intekenska-kels.**

### Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

Menlo-hemde en -serpe is by die Menlo-sportwinkel beskikbaar.

Volg die skakel vir meer inligting.

Volg die skakel vir die nuutste wintersportuitslae.

### Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE


## Menlo-mediasentrum

### ONDER WATER

Henda Olivier

Rebekkah Keller was 'n tiener toe haar pa oorlede is. Om aan die knaende verdriet te ontsnap begin sy lengte ná lengte vryslag in die skoolswembad swem. Meer as twintig jaar later woon Rebekkah steeds in Bloemfontein. Sy is geskei van haar man, Hannes, vir wie sy eintlik baie lief is. Sy werk voltyds as 'n assistent by 'n prokureursfirma en sy swem nooit meer nie.

Een oggend stuur Rebekkah se beste vriendin, Lena, vir haar 'n nuusberig wat die mat onder haar voete uitruk. Al die herinneringe aan haar grootwordjare wat sy so lank onderdruk het, spoel soos 'n fratsgolf oor haar.




## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Die frase "drie uur lange vraestel" word los geskryf.

Maatbepalings gevolg deur 'n byvoeglike naamwoord word los geskryf.

Byvoorbeeld:

'n kilometer diep / sestien jaar oud



## Oud-Parkie-das te koop

Dasse kan by die Menlobond-kantoor of aanlyn gekoop word.

Volg die **skakel**.

Koste: R250.

# AKADEMIE

## GENIALE PARKIES PRESTEER BY GENIUS-OLIMPIADE

Ryan Cooke Theron en Alexander Walkenshaw se wetenskapprojek is vir deelname aan die internasionale GENIUS-Olimpiade gekeur. GENIUS is die afkorting vir Global Environmental Issues and Us en die doel van die kompetisie is om bewustheid van omgewingskwessies onder jongmense te skep, kreatiewe oplossings te ontwikkel en as toekomstige leiers, wetenskaplikes, ingenieurs en beleidmakers tot 'n meer volhoubare wêreld by te dra.

Daar is vanjaar 3 254 projekte ingedien waarvan slegs 892 projekte aanvaar is. In die afdeling vir wetenskap is 518 projekte uit 1 957 inskrywings aanvaar.

Die Menlo-duo het eervolle vermelding vir hulle deelname ontvang.


Welgedaan!



# KULTUUR

## UITSLAE: PRETORIA EISTEDDFOD

| | |
|---|---|
| **Menlo-orkes** | A++ en kategoriewenner |
| **Individuele inskrywings** | Volg die **skakel** vir die volledige uitslae. |
| **Itemwenners** | Isabella le Roux<br>(Klavier) |
| | Liam de Koning<br>(Klavier) |
| | Emily de Jager<br>(Houtblasers) |
| | Jeanne-Marie van Brummelen<br>(Klassieke musiek: Sang) |
| **Spesiale toekennings** | Emily de Jager<br>Trofee: Beste saksofoonspeler |
| | Jeanne-Marie van Brummelen<br>Beste dogter<br>(Klassieke musiek: Sang) |
| **Kategoriewenners** | Karla van Wyk<br>(Klassieke musiek: Sang) |
| | Eloise van Garderen<br>(Klassieke musiek: Sang) |



# ALGEMEEN

## MATRIEKS NA MATRIEKAFSKEID UITGENOOI






In die Japanse kultuur word die sakura (kersiebloeisels) as een van die lewe se mooiste simbole beskou. Elke lente blom die bome kortstondig en dan waai die blomme weer weg. Hierdie tradisie herinner ons om die skoonheid van elke oomblik te waardeer, verandering met dankbaarheid te aanvaar en 'n nuwe begin met moed en vasberadenheid aan te pak.

Dankie aan die graad 11-leerders, -voogde en -ouers vir 'n uitsonderlike geleentheid.









# KULTUUR

## UITSTALLING: BRUSHES WITH SCHOOLS

'n Klompie Menlo-kunstenaars se werke was onlangs by die Brushes with Schools Uitstalling op Lynnwood Bridge te sien. Geniet die Parkie-talent.



# KULTUUR

## KOOR DEUR NA APPLOUS-FINAAL



Baie geluk aan die Menlo-koor wat oudergewoonte na die nasionale finaal van die ATKV-Applouskompetisie deurgedring het. Die finaal vind vanjaar op 1 Augustus in die Moederstad plaas.





# SPORT

## NETBAL: DRIE SPANNE OP PAD NA SA KAMPIOENSKAP

Baie geluk aan die o. 16A-, o. 17A– en o. 18A-span wat gekwalifiseer het om aan die SA kampioenskap deel te neem. Die skool staan bankvas agter julle.








## HOKKIE: SES SPANNE KWALIFISEER VIR TOPTOERNOOIE

Die Hoërskool Menlopark is die enigste skool in Gauteng wat by al die top-12-toernooie, sowel as die Noord-vaal A-toernooi in aksie sal wees. Baie geluk!

**DOGTERS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 14A | Rhenish | Top-12 | Stellenbosch |
| O. 15A | | Noordvaal A | Krugersdorp |
| O. 16A | Paarl Gimnasium | Top-12 | Paarl |
| O. 18A | Oranje Meisies | Top-12 | Bloemfontein |

**SEUNS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| O. 14A | | Noordvaal A | Potchefstroom |
| O. 16A | Paarl Gimnasium | Top-12 | Paarl |













# SPORT

## SEUNSHOKKIE: NORTHERNS-KLEURE


Franco Oosthuizen (O. 14)


Jak Snyman (O. 14)


Luka Marx-Pienaar (O. 14)


Nathan Bennett (O. 16)

Daniël Palmer (O. 18)


JC Bennett (O. 18)


Brian Makamu (O. 18)


Heinz Kunzmann (O. 16)


## NETBAL: PROVINSIALE KLEURE


Marné Millard (O. 14)


Kiara du Preez (O. 14)


Zanie van Rooyen (O. 15)


Jessica van Rooyen (O. 17)

Chloe van der Bergh (O. 17)


Jeanie van Biljon (O. 18)


Mavilde Ferreira (O. 18)


# SPORT

## RUGBY: SPELERS IN BLOU BUL-SPANNE

**AFGRI O. 15-UITNODIGINGSPAN**

1. Ayden van Dyk
2. CW Frohlich
3. Mnr. Jan-Harm van Helsdingen (hulpafrigter)

**AFGRI O. 15A**

4. Caydorique Swanepoel
5. Mnr. Emwee Arlow (hoofafrigter)

**AFGRI O. 15B**

6. MJ Mclaren
7. Müller Fourie
8. Mnr. Gustav Theunissen (hulpafrigter)
9. Mnr. Duncan Pieterse (krag en kondisionering — al drie Afgri-spanne)

**O. 16 NOORDVAAL**

10. Benjamin Veldman
11. Israel Delport
12. Kayden du Plessis (onderkaptein)
13. Zander Zaayman
14. Mnr. Royes Auret (hulpafrigter)

**O. 16 GRANT KHOMO XV**

15. Francois Schoeman
16. Juandré Barnard
17. Lothar Dedekind
18. Michael Shanzi

**O. 16 GRANT KHOMO**

19. Divann Olivier
20. Tumi Nkadimeng
21. Mnr. Reabetswe Khiba (krag en kondisionering)
22. Mnr. Dirk Odendaal (keurder)

**VKB O. 18 XV**

23. Dian de Bruin
24. Miller de Jager
25. Danie Botma

**O. 18 CRAVENWEEK**

26. Dylan Stumke
27. Mendriano-Jody Abrahams

**O. 18 AKADEMIEWEEK**

28. Duran Pieterse



# SPORT

## MUURBAL: SPELERS KWALIFISEER VIR INTERPROVINSIALE TOERNOOIE



Riaan Agenbacht (O. 19)



Joseph Myers (O. 19)



Dewald de Graaf (O. 19)



Mia Kieser (O. 17)

Emile Erasmus (O. 15)



Ian Viljoen (O. 15)



Ruben de Graaf (O. 15)



Mynhardt Ackerman (O. 15)



## MUURBAL: MENLO-AFRIGTER SKUIF GRENSE

Baie geluk aan me. Liz Mackenzie, ons eie hoofaf-rigter, met haar aanstellings as afrigterskonvenor van Muurbal SA en provinsiale hoofafrigter.



# SPORT

## GHOLF: SPELERS  IN PROVINSIALE SPANNE



Gauteng-Noord-Hoërskolespan: Dogters

| | |
|---|---|
| Lyla Hattingh | A-divisie |
| Isabella Boshoff | B-divisie |
| Minke Kruger | C-divisie |



## MENLO-SWEMMERS IS WÊRELDKLAS





**Afrika Swemkampioenskap (juniors)**

Zaine Niemand behaal eerste plekke in vyf items:

50 m-borsslag, 100 m-borsslag, 200 m-borsslag, 4 x 100 m-wisselslagaflos (gemeng), 4 x 100 m-wisselslagaflos (seuns).





**Junior wêreldoopwaterswemkampioenskap**

Noah Nice (5 km) en Wian Bartleman (7,5 km) sal Suid-Afrika vanaf 3—6 September 2026 in Argentinië verteenwoordig.

#menlotrots

## DIE HOEK IS IN DIE WATER

Die Menlo-hengelklub het verlede naweek amptelik die lyne in die water gegooi. Daar is eers op droë grond geoefen waarna die klub - reeds agtien lede sterk - hulle lyne in die Alwyndam natgemaak het. Terloops, die grote het nie weggekom nie.














# PARKIE-ENTREPRENEURS









# PARKIE-ENTREPRENEURS





MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

**STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.**

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# MARKPLEIN










**WIL U IN DIE**

**MENLO-INSIG**

**ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS


(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org